

Free State

Vrystaat

Clivia Club

Clivia Klub



Newsletter / Nuusbrief

6

Summer / Somer 2007

PORTEFEULJE : NUUSBRIEF

REDAKSIE

- Jan Stemmet
- Ina Leamy
- Koot van Rensburg
- Attie van der Colf

CLIVIA-KLUB

KOMITEE-LEDE

Voorsitter	:	Hennie van der Mescht
Onder-voorsitter	:	Johan Spies
Sekretaris	:	Morkel Terblanche
Finansies	:	Neil Nathan
Publieke Skakeling en Advertensies	:	Ina Leamy
Navorsing	:	Johan Spies
Nuusbrief	:	Jan Stemmet
Skou	:	Piet Laubscher

DIE VOLGENDE PERSONE KAN GERAADPLEEG WORD VIR HULP EN LEIDING

* Hennie van der Mescht	051-5229530
* Piet Laubscher	051-5228963
* Ina Leamy	051-5224882
* Prof. Johan Spies	051-4511886
* Neil Nathan	051-5226236

Skakel verkieslik na 19.00 op woensdae.

Cover Photo: Gerhard Laubscher

insekmiddel korrels (insecticide) gebruik. Kohhinor is dodelik en word teen 1 ml. per 2 liter water toegedien op die grond. Die nawerking periode is 120 dae.

Effekto se insekmiddel korrels is ook effektief maar het nie so n' lang nawerking periode nie. Oluem werk ook goed. Dit het egter olierige basis, en kan dis die asemhaling-proses by die plant belemmer.

Kontakdoders soos Malasol en Effekto se Affecticide is redelik doeltreffend. Vir die persone wat verkies om nie gif te spuit nie: Hulle sê twee teelepels witasyn op n liter water werk teen wolluis as u, u plante daarmee spuit. Ek glo daar is nog baie ander middels wat ook goeie resultate kan lewer, maar ek voel ek sal volstaan by dit wat ek genoem het.

Piet Laubscher.

Sel. 073 2345 759
Tel. 051-522 8963

PLEASE NOTE

Sube for 2007 year are now due. Please forward R150.00 to the Treasurer, or Bank directly into the Clivia Club Bank Account.

Vrystaat CliviaKlub
First National Bank
Branch No 252005
Account No 62051071000
Please put your Name on the Deposit.

This will be the last News Letter you will receive if your subs aren't paid.

saam met plantvoedsel toegedien word; dit is egter veel meer tydrawend en elektrisiteit word al duurder..

Koot van Rensburg.

Wolluis en ventilasie

Wolluis kom algemeen voor in baie van ons kweekhuise. Hierdie pes is nie altyd so maklik om uit te roei nie. As vriend wolluis hom eers gevestig het, sukkel jy om van hom ontslae te raak. Die rede, hy kruip tussen en onder die plant se blare weg. So vind jy hulle ook onder die rante van die potte en tussen die stukkie bas van die potgrond.

Wolluise val gewoonlik plante aan, waar daar nie genoegsame ventilasie is nie. Gepaardgaande met die regte vogtige omstandighede, wil dit voorkom of die regte klimaat geskep word vir hierdie pes om sy tuiste in u pragtige clivias te maak. Kyk n' mens na plante wat onder bome staan waar daar genoeg ventilasie is, vind jy selde dat hierdie plante wolluis kry. Ek het gevind dat plante wat buite onder n' boom staan nie maklik wolluis kry nie. Plante wat n' meter van hierdie plante, binne in n kweekhuis staan, kry wel wolluis.

Voorkoming is beter as genesing. Ek beveel aan dat daar baie goeie beplanning gedoen word voor n' kweekhuis gebou word. So ook met die plasing van plante wat nie in n' kweekhuis is nie. Soos reeds gesê, is ventilasie seker die mees belangrike faktor wat in ag geneem moet word. As bonus kry u ook minder plante met wortelvrot, of plantjies wat sommer net omval. Die rede hiervoor is dat die temperatuur nie so hoog klim in u kweekhuis nie. Clivias hou nie van temperature van 30° CC en hoër nie. Daar word beweer dat plante se wortelpunte beskadig word, wanneer die grond-temperatuur 27° CC en meer bereik. n' Mens kan van bome gebruik maak om skadu aan u kweekhuis te bied, mits dit genoeg lig deurlaat. Plante wat in baie diep-skadu staan, is geneig om minder of glad nie te blom nie. Deur openinge aan die kopkante van die tunnel te hê, deur middel van deure of luike, kan baie help met ventilasie. So ook kan n' opening van 10 tot 15 cm. tussen die dak en die kante van die kweekhuis baie help met ventilasie. Die probleem met so n' opening is om dit betyds toe te maak vir die winter. Sodra dit warmer word moet dit weer oopgemaak word. Die uwe het een jaar wolluise vir Afrika gekry aangesien ek eers in November hierdie openinge oopgemaak het. Soos reeds gesê, voorkoming is beter as genesing. Sorg vir goeie ventilasie. Ondersoek u plante gereeld vir wolluis. Kyk veral onder en tussen die blare, en selfs onder die rante van die potte. Indien daar die geringste teken van wolluis is, gaan onmiddelik oor tot aksie.

Daar is baie middels vir die voorkoming en bekamping van wolluis. Ek beveel n' onmiddelike toediening van n' sistemiese middel aan, gepaardgaande met n bespuiting van n' kontakdoder. Indien hierdie pes hom eers gevestig het, is hy baie moeilik uitroeibaar en kan groot skade aan u plante aanrig.

Die regte toediening, asook die manier van toediening van gif, is baie belangrik. Indien u nie die regte resultate van die begin af verkry nie, kan dit lei tot n' onnodige en herhaalde toediening daarvan, wat in erge gevalle skade aan u plant se blare kan veroorsaak. Met die skade van die wolluis en oormaat gif kan daar ander siekte-toestande intree.

U sal vind dat van die gifsoorte op die mark baie duur is, en meer gerig is vir die kommersiële kweker of boer. Uit persoonlike ondervinding, asook met die van ander kwekers, kan ek n' paar effektiewe behandelings teen wolluis voorhou. As sistemiese doders kan u Kohhinor of Effekto se

VRYSTAAT CLIVIA-KLUB

Portefeulje : Nuusbrief

Kort en saaklik: ek en my clivias het die versengende hitte en ongenaakbare droogte van die afgelope paar maande oorleef. Verlede jaar het 'n baie insiggewende artikel in een van ons nuusbriewe verskyn oor hoeveel reën 'n clivia kan weerstaan. Vanjaar wil ek graag weet hoeveel hitte en droogte kan 'n clivia verduur voor hy die gees gee?

Dis tog interessant dat die natuurelemente van die afgelope paar maande geen of weinig skade aangerig het. Ons hoop die natuur sal weer normaliseer en dat ons plante sal floreer.

Ten slotte, dit is lekker om te sê dat om lid van ons Klub te wees 'n heerlike ervaring is. Die vergaderings is stimulerend en leersaam. Ons vriendskap is eensgesind en dit spoor almal aan om meelewend te wees. Ons plante daag ons telkens uit om meer van hulle te wete te kom.

Dit is ons wens dat hierdie jaar vir almal baie suksesvol sal wees. Kyk mooi na julle plante, versorg hulle goed, en onthou: dis die boer se oog wat sy beste vet maak.

Redakteur.

Waar kom ons vandaan en waar gaan ons heen.....

Van 'n beskeie gedagte van 'n paar cliviavriende tot 'n volwaardige Cliviaklub in die sentrale deel van ons land.

Die gedagte van 'n Cliviaklub ,het ontstaan by Piet Laubscher en so is daar toe beplan om 'n paar Cliviavriende bymekaar te kry om te toets of daar 'n behoefte is vir so 'n klub in Bloemfontein.Ons eerste bymekaarkom was in die personeelkamer van Laerskool Bloemfontein. Die belangstelling was so groot dat daar besluit is om so 'n klub te stig. Ons het dadelik kontak gemaak met die Clivia Vereniging van RSA.Ons is toe meegedeel dat ons eers as 'n belangegroep van Noordelike Klub in Pretoria moes funksioneer,totdat ons ledetal dit regverdig om klubstatus te verkry.

Piet Laubscher is as die eerste sameroeper van die belangegroep gekies. Belangstelling het so vinnig gegroei dat ons gedurende 2005 aansoek kon doen om klubstatus . Slegs twee jaar na ons eerste vergadering. In hierdie jaar hou ons ,ons eerste Cliviaskou. 'n Afvaardiging uit Pretoria onder leiding van Tino Ferero. Christo Topham en Oom Pat Gore besoek ons en dit help om die belangstelling nog verder te bevorder.

Chris Vlok gee vir ons die groen lig en 'n nuwe Cliviaklub nl. die VS. FS Cliviaklub kom tot stand. Die klub groei vinnig met lede van Welkom, Kimberley en ander dorpe in die Vrystaat. Ons eerste volwaardige bestuur word verkies. Ons ledetal groei tot 54 in 2006 . Goudveldgroep funksioneer as 'n belangegroep ,maar besluit om aan die einde van 2006 aansoek te doen om ook 'n volwaardige Klub te word. Voorwaar 'n heuglike dag, want nou groei ons op twee fronte in die Vrystaat.

Ons is aan die begin van 2007 . Ons bly in die beste van twee werelde. Ons kan leer van die suide sowel as die noorde . Ons moet egter weet dat ons unieke omstandighde het vir die groei van Clivias. Ons moet die voordele wat uiters koue winters en warm somers vir ons plante inhou benut. Ons moet die navorsing wat gedoen word by die UV onder leiding van Prof Johan Spies benut. Dit is waar ons ander provinsies voor is . Ons moet die Algemene Jaarvergadering wat vir die eerste keer hier gehou word , gebruik om mense in ander dele van die land bewus te maak van Clivias se vordering hier in die Hartland van RSA.

Vorentoe . Ons gaan beslis toere onderneem om Clivias in die natuur te besigtig. Ons moet ons belangstelling in een van die mooiste blomme van ons land laat groei. Ons moet nooit ons nuwe lede afskeep nie, hulle bly die groeipunt van ons klub. Dankie vir elke lid se besondere bydrae. Sonder u entoesiasme kan ons nie vorder nie.

Mooi Cliviajaar vir al ons lede.

Hennie vd Mescht

IN GESPREK MET GERHARD LAUBSCHER (Koringspruitstraat 31B, UITSIG)

Met my besoek aan Gerhard se kweekhuis enkele dae na die Klub se jaarlikse skou in September 2006, is ek deur 'n fees van blomme oorweldig, terwyl van ons ander skou-deelnemers gekla het dat die winter nie goed saamgespeel het nie en hulle blomme-oes selfs teleurstellend was. Dit het my laat besluit om met Gerhard in gesprek te tree oor sy sukses, dalk verklap hy sy towerwoord.

Die gesprek het soos volg verloop:

Sy kweekhuis se **fisiese uitleg**:

Die skeidingsmuur tussen hom en sy buurman is effektief aangewend. Die dak rus op die muur. Aan die ander twee kante word die huisie deur mure beskut. Die bure se huis se gewel gooi 'n groot deel van die dag 'n skaduwee oor die kweekhuis ---- absoluut ideaal! 'n Skuifdeur bied toegang tot die kweekhuis.

Die dak is met skadunet wat 80% skadu bied, oorgetrek. (Kleur: donker groen)

kans vir sukses aan die orde van een uit 256 plante is. In boeretaal, 255 prulle lewer een aanbiedingswaardige plant.

Tien jaar later, sal jy genoegsame ervaring hê om verdere spesifieke teelt-doelwitte na te jaag, Haal Vader Tyd jou egter in en sleep jou graf toe, sal Clivia belangstellendes weet waarmee jy besig was en kan dalk met jou teëlplan voortgaan, Deo volente!

Koot van Rensburg

VERBETERING VAN BOORGAT OF KRAANWATER

Die prominentste opgeloste sout in boorgat- en kraanwater is kalsiumkarbonaat of in leke taal, opgeloste kalk. Dit veroorsaak harde alkaliese water met 'n hoë alkaliese Ph. Reënwater bevat min opgeloste soute maar is lugversadig en is suur met 'n Ph van 5,4. Die probleem is hoe om boorgat- of kraanwater meer geskik vir Clivia plante te maak. Deur van sterk sure (swawelsuur en soutsuur) gebruik te maak om harde water sagter te kry, verhoog die risiko vir die hanteerder om by berging, hantering en verdunning homself/sy gesin/helpers te beseer en by verkeerde dosering die plante te beskadig. Gevolglik is dit veiliger en beter praktyk om van swak sure gebruik te maak vir Ph verlaging van boorgat of kraanwater. Die volopste en goedkoopste swak suur beskikbaar is asyn. Omdat smaak nie belangrik is nie, is sintetiese asyn net die regte suur vir die versuring van harde water. Min van ons beskik oor Ph meters, maar Ph-lakmoes toetspapierstrookies is voldoende vir die Ph bepaling van water. Sodra die toetspapierstrookies met water benat word, verkleur die indikator kleure. Die aangeduide kleure word met 'n geykte kleurskaal vergelyk wat dan op 'n ooreenstemmende Ph van die water dui.

Gedurende die afgelope winter het my reënwateropgaartenk leeggeraak en toe ek my boorgatwater toets, was die Ph-lesing 8 plus. Lakmoeslesings geneem vir reënwater opgegaan was Ph 5 plus. Nadat voedingstowwe bygevoeg is, was die gedoseerde voedingsreënwater se Ph 5. Die vraag was nou hoeveel huishoudelike asyn (al asyn op die spensrak was Grape Vinegar naturally fermented) by een liter boorgat of kraanwater gevoeg moet word om die Ph tot 5 plus te bring. Met 'n mediese spuit is van die asyn in milliliters by die een liter boorgatwater gevoeg terwyl die water mengsel goed geroer word. Die chemiese reaksie met die kalk in die water was dadelik en koolsuurgas was sigbaar vrygestel. Nadat 7 milliliter asyn bygevoeg is, was die ph 5 plus, in my spesifieke geval. Nou kon my Clivias weer water teen die korrekte Ph ontvang en waarvan die opgeloste kaliumkarbonaat omgeskakel is na opgeloste kaliumasynsuursoute en koolsuurgas. Ek beskou hierdie omgeskakelde harde water veel meer heilsaam vir my Clivias as onbehandelde harde kraan- of boorgatwater.

Elke persoon wat die harde water op soortgelyke wyse wil versag en versuur kan dieselfde prosedure volg deur milliliters kommersieële asyn by een liter kraanwater te voeg totdat 'n Ph-lesing van 5,4 verkry is. Teken hierdie versurings byvoeging van asyn vir een liter harde water aan; in my geval is dit 7 milliliters per liter. Daarna kan houers met spesifieke volumes in liters met kraanwater gevul word, waarby dan asyn teen die versurings-byvoeging in milliliters asyn maal die volume van die houer in liters gevoeg word. Ek gebruik 20 liter houers en gevolglik moet ek 7 maal 20 milliliters asyn = 140 ml asyn in my 20 liter kan gooi en goed deursoer en 'n paar minute laat staan totdat die chemiese reaksie voltooi is. Ja, dit is meer werk, maar myns insiens die moeite werd.

Deur bloot harde water te kook, slaan van die kalk in die ketel neer sodat die gekookte water dan sagter as die oorspronklike water is. Wag dat die water afkoel tot koud voordat dit aan die plante

bevrediging vir jou as ambisieuse kweker in eie reg. Hier volg die raamwerk van my teëlplan en ek ontvang graag tydige raad en leiding-gerigte kritiek oor wat ek beplan.

Let wel: Dit is geskryf as ‘n opdrag aan myself!

1. Raak ontslae van al jou ordinêre, duplikate en minder gehalte plante.

Di Smith noem hierdie plante haar **Clivia Crappiata**. Gee weg, skenk aan die kerk se basaar en verkoop waar jy kan. Dit skep meer ruimte. Koop met jou opbrengs beter gehalte plante in hul plek.

2. Beoordeel jou oorblywende plante jaarliks vir ‘n bestaansreg op jou onkoste soos sentiment, versamelwaarde en inherente potensiaal of bewese prestasie. Hierdie proses moet jaarliks na die blom seisoen herhaal word, want jou eie standaarde en waardestelsel gaan jaarliks styg, asook die in die Clivia-wêreld daar buite.

3. Soek tussen jou eie plante vir ‘n besondere moederplant of moederplante wat die voorkoms of eienskappe het waarna jy streef om te skep sonder om te veel ag op die blomkleur te slaan; dog die plant in sy geheel, vorm en blare, blomvorm en kelkgrootte, moet uitstaande wees. Dit moet ‘n sterk groeier wees en ‘n imposante aantreklike voorkoms hê en minder vatbaar vir peste en plae wees. Gee voorkeur aan moderner tipe plante.

4. Gaan soek verder vir nog geskikter moederplante met potensiaal buite jou eie versameling.

Hierdie moederplant moet verkieslik ‘n moderne plant wees met breë blare en verkieslik nog gestreep daarby. Nog pluspunte is ‘n moderne tulpvormige kelk met meervoudige skutblare. Jy kan veel meer tyd spandeer om hierdie moederplant/e elders te soek, omdat dit waarna jy streef dan deur ander oor jare heen reeds met veel moeite suksesvol in een plant bymekaar gebring is. Hierdie was presies die vertrekpunt van Nakamura en ander suksesvolle telers. Volg hul weg na. Die ideale blomkleur vir ‘n moederplant blyk ‘n baie ligte skakering van oranje te wees soos pastelle omdat daar meer tussenin skakerings moontlik is met latere geel kruisings.

5. Soek jou klokkieplante uit, hetsy C. Nobilis, C. Gardenii, C. Caulescens of C. Robusta daardie een wat die meeste na jou gekose moederplant aard en die grootste klos met die kleurvolste klokkies lewer. Hierdie plant gaan jou F1 vaderplant wees en sy stuifmeel moet tydig goeies en bevries word. My C. Robusta van Umtamvuna het reeds met sy eerste blom beïndruk, pienk/oranje klokkies met helder groen bekke met plakkaatkleurtinte ..

6. Bestuif al jou gekose moederplante wanneer hul blom met stuifmeel van die gekose klokkie vaderplant. Laat die saad ryp word, merk en kweek voort. Keur die volwasse saailinge vir voorkoms en gewenste eienskappe; prul die ander.

7. Soek al jou geel blommende C. Miniata plante bymekaar en wanneer hul blom, selekteer daardie wat suiwer geel voortplant. Toets deur met ‘n speld van voor deur die skutblomblaar te steek. Toon die dieper onderlaag oranje, is die plant nog nie suiwer geel telend nie. Is die onderlaag ook geel dan is dit ‘n suiwer geel telende plant. Kies uit die suiwer geel telendes daardie plant met die breedste blare, grootste kelke, mooiste blomkleur en blomvorm as tweede geslag vaderplant. Hierdie vaderplant moet van besondere gehalte wees en vergelykbaar met ‘n Vico Geel. Jy het sowat 4 jaar tyd om hom ook elders te soek terwyl jou F1 plante groei tot volwassenheid. Hierdie plant gaan jou tweede geslag, F2 vaderplant wees.

8. Bestuif al jou gekeurde baster F1 plante met die geel gehalte vaderplant F2 se stuifmeel.

Wag ‘n verdere 4/5 jaar en kyk of jy enige vordering gemaak het.. Jou eie teelt sal beslis van beter gehalte en variasie wees as jou huidige lukraak kruisbestuivings sonder plan of orde. Wat tot stand kom, sal jou eie maaksel wees. Onthou wat Prof. Spies t.o.v die samekoms van eienskappe in teelt gesê het, naamlik dat wanneer jy vir net ‘n klein aantal voorafbeplande eienskappe in plante teël, die

Die huis het onder op die vloer en bo-op die skeidingsmuur permanente openinge wat te alle tye ventilasie verseker.

Die kweekhuis wat amper oos front, kry voldoende oggendson met ‘n groot deel van die dag koelte. Onthou, ‘n clivia hou nie van middagson nie!

Uit die aard van sy ligging is die kweekhuis teen die koue winde beskerm.

Temperature kan tot –6 grade Celsius daal voordat daar enige tekens van skade sal voorkom.

Rakke in die kweekhuis

Die beskikbare ruimte is baie effektief aangewend. Die staalrakke is doelmatig geplaas.

Dit is interessant dat die plante letterlik skouer aan skouer staan. Hy verkies 20 cm potte en in enkele gevalle 35 cm potte.

Ventilasie

Die skuifdeur word in die oggend toegehou, maar in die middag oopgemaak.

Daar is dag en nag voldoende ventilasie.

Ventilasie is een van die belangrikste voorvereistes vir die suksesvolle kweek van clivias..

Oriëntasie m.b.t. windrigting en son

Baie beskut teen geniëpsige winde.

Voldoende filter-son.

Lig is naas ventilasie ‘n ander belangrike element, want clivias hou nie van skemer toestande nie.

Lugvogtigheid/Besproeiing

Nie so ‘n ernstige faktor nie.

Die tuinslang, met ‘n sproeier aan, word gebruik om die plante nat te maak wanneer hulle daarom vra.

Potmengsel

Gerhard glo aan Braaks kompos en potplantmengsel gemeng met ‘n bietjie suurkompos.

Beenmeel stimuleer wortelgroei.

Bounce Back word as voeding bygevoeg.

Voorkoming van siektes

Net soos 'n boer op die plaas sy landerye bykans daaglik besoek, moet die clivia-boer gereeld op die uitkyk wees vir wortelvrot, amarilla boorwurm, wolluis, selfs slakke en sprinkane wat soos 'n wolf in die nag kan toeslaan.

Gerhard verkies 20 cm potte. Plante vrot die minste omdat die potmengsel vinnig afdroog, terwyl die groter pot met meer mengsel langer vat.

Dreinerings is uiters belangrik.

Phyosan, Spore Kill word as geskikte gifstowwe beskou.

Wanneer 'n plant oorgeplant word, moet die ou groei-mengsel verwyder word, die pot en die plant moet deeglik ontsmet word.

***Voeding --- wat en hoe gereeld**

- Bounce Back baie effektief
- 5.1.3 vir blomvorming
- Hy volg nie noodwendig 'n program nie

* **Oorplant / Oorpot** watter tyd van die jaar en geskied dit in siklusse?

Oorplant/oorpot enige tyd van die jaar. Daar moet onthou word dat clivias eintlik net in die koeler maande groei. Die plante moet dus dopgehou word.

Ontsmetting is telkens uiters belangrik.

Hou daarmee rekening dat die plant ophou om voeding op te neem wanneer dit te koud word.

• Voorbereiding vir die skou

Dit berus grotendeels op wat jy deur die jaar met jou plante gedoen het.

Soek plante selektief uit wanneer die skou nader kom.

Kry jou gesin se samewerking, want dis nie altyd net 'n eenmanstaak nie.

Gerhard voel dat die bestuur 'n groter administratiewe rol by die inskrywing van plante moet speel.

TEN SLOTTE

Ek glo nie Gerhard het sy towerwoord van my weerhou nie, maar wat ek wel kan sê, is dat hy uitmuntend daarin geslaag het om al die elemente in harmonie te bring om 'n wonderlike eindresultaat te verseker. Liefde vir die plant en toewyding speel 'n groot rol.

Groot sukses hom toegewens!!

Jan Stemmet
REDAKTEUR

Aan die Redakteur van Vrystaat Clivia Kwartaalblad se redaksie.

Doktor Jan,

Net 'n paar eie gewaarwordinge en gedagtes nadat ek my Clivia Jaarboek 8 al bykans twee keer in dae deurgelees het.

Clivia Jaarboek 8 Vooruitgang

Met Clivia Jaarboek 8 pas uit, het daar vir my as entoesias veel lig opgegaan in beide teorie as praktyk. Die vooruitgang in blommeprag en kleur is net verstommend wanneer al die sigbare vordering beleef word in een jaar tydens 'n kweeksiklus van 4 tot 5 jaar vir 'n 'verbeterde' plant.

Hitte-stress veroorsaak wortelvrot

Al gaande leer ek as beginner. Ons wonder al jare waarom so baie wortelvrot in die Vrystaat voorkom en ons staan verstom oor die heilsame invloed van reënwater in groot hoeveelhede wat geen wortelvrot tot gevolg het nie. n Aussie, John Craigie, kllar alles op deur daarop te wys dat Clivias erg hitte gevoelig is en dat sodra die plant se temperatuur oor 28 grade Celsius styg, kom daar 'n ernstige biologiese wanbalans wat nie net die blaarmetabolisme versteur nie, maar ook die wortelgroei-punte laat afsterf. Sonder wortelgroei-punte word minder vog as te vore opgeneem, terwyl die blaarstomas nogsteeds vog uitlaat sodat die blare uiteindelik verwelk. Waar die wortelgroei-punte afgesterf het, vind wortelvrot-bakterieë toegang en vernietig nog meer wortelstam tot die plant vrek of noodbehandeling moet ontvang. Ons post mortems dui altyd op oormatige sigbare wortelvrot as (sekondêre) oorsaak van die vrekke terwyl dit alles teweeggebring is deur die primêre oorsaak, naamlik hitte-stress.

Nou verstaan ons waarom daar so baie wortelvrotgevallen tydens die hittegolf van Desember 2005 tot Januarie 2006 was. Nadat dit oorvloedig en gereeld begin reën het, het die klimaat koeler geword en die wortelvrot afgeneem weens die afwesigheid van hitte-stress. Hierdie verbetering is toegedig aan die heilsaamheid van reënwater wat net deels waar was, omdat reënweer ook 'n koeler klimaat skep. Die nadele van hitte-stress oordonder blykbaar egter die voordele van reënwater by hoër planttemperatuur.

In die natuur floreer Clivias op reënwater en groei in koel, oordekte inheemse bosse teen die kouer suidehange. Gevolglik moet ons in die Vrystaat ons Clivias teen oormatige hitte beskerm en met opgegaarde reënwater voed teen 'n Ph van sowat 5,4. Die goedkoopste lugverkoeler is 'n waterverdampingseenheid en loop net teen waaierkosse alleen, terwyl die water verdamp en koel vogtige lug uitlaat teen natboltemperatuur wat veel laer as die heersende buitelugtemperatuur is. Dit is dieselfde beginsel waarop 'n seilwatersak water teen 'n veel laer temperatuur lewer as sy omgewingstemperatuur.

Teëlplan

In Jaarboek 8 het 11 van die 14 artikels diïrek of indirek oor die voortplanting van 'n verbeterde en aanskouliker Clivia gehandel. Suksesvolle kwekers was meer openhartig oor hul suksesse en vertel hoe hul suksesplante geteël is. As praktiese boer het ek besef om ook Clivia- gewys te vorder, elke Clivia kweker 'n teëlplan moet hê vir vooruitgang, anders gaan jy in sirkels loop en verdwaal. Ek het besluit om aan die hand van wat ek gelees het vir myself 'n teëlplan op te stel en ernstiger en meer doelgerig na verbetering te strew. Die alternatief is om beter gevorderde plante uit te koop en so tyd te spaar, maar om daarna uiteindelik met ander se tweedebestes te spog, is dalk ontoereikende